

Ivermax + Fluke^{††}^①^⑥

Reg. Nr. G4224 Wet 36/1947

SLEGS VIR DIERGEBRUIK

VERSIGTIG

SAMESTELLING

Ivermektien 1 % m/v
Klorsulon 10 % m/v

AANWYSINGS

BEESTE

Vir die behandeling en beheer van:

- **Inwendige parasiete**
Rondewurms en volwasse lewerslak met nawerking teen die herbesmetting van rondewurms
- **Uitwendige parasiete**
Parafilaria (valskneusing), luise, skurfte myte, sandtampan, blouboslui, spykerwurm en oogwurm.

BERGINGSANWYSINGS

Berg in 'n koel, droë plek weg van sonlig.

WAARSKUWINGS

- MOENIE BEESTE VIR MENSLIKE VERBRUIK BINNE 32 DAE VANAF LAASTE BEHANDELING SLAG NIE.
- MOENIE GEBRUIK IN DIERE WAARVAN DIE MELK VIR MENSLIKE VERBRUIK AANGEWEND WORD NIE.
- MOENIE IN MELKBEESTE GEBRUIK BINNE 28 DAE VOOR KALWING NIE.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

Nota aan verbruiker: Tydelike ongemak was waargeneem by diere na onderhuidse inspuitings. Die pynreaksie is soms intens, maar is gewoonlik kortstondig. 'n Paar gevalle van sagteweefsel swelling by die spuitplek is ook waargeneem.

Hierdie reaksies verdwyn sonder behandeling. Gebruik meer as een spuitplek indien 'n groter dosis as 10 ml benodig word om moontlike ongemak of 'n reaksie by die spuitplek te voorkom.

VOORSORGMATREËLS

- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Was hande deeglik na gebruik.
- Raadpleeg 'n dokter indien die produk per ongeluk ingeneem word en toon hierdie etiket.
- Leë houers moet vernietig word en moet nie vir enige ander doeleindes gebruik word nie.
- Dit is goeie veteriniere praktyk om te verseker dat diere teen sponssiekte ingeënt word minstens 3 weke voor enige inspuitbare anti-parasitiese middel gebruik word.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

BEESTE

Plek van toediening

- ONDERHUIDSE INSPUITING ALLEENLIK. Spuit voor of agter die skouerblad. Maak gebruik van 16 maat naalde en vervang na elke 15-20 diere.

Dosis: 1 ml/50 kg liggaamsmassa

(10 mg ivermektien en 100 mg klorsulon is gelykstaande aan 200 µg ivermektien en 2 000 µg klorsulon per kg liggaamsmassa).

Liggaamsmassa (kg)	Dosis (ml)
50	1
100	2
200	4
300	6
400	8
500	10
600	12

DOELTREFFENDHEID:

UITWENDIGE PARASIE

- Beheer suigende en bytende luise en skurfte myte.

Nota: IVERMAX + FLUKE voosien 'n deurlopende vlak van medikasie wat myt infestasië vir die volle lengte van die lewensiklus sal beheer. Aangesien die effek egter nie dadelik plaasvind nie, moet sorg gedra word om herbesmetting van diere te voorkom deur aanraking met onbehandelde diere of besmette fasiliteite te verhoed.

- Dood spykerwurm teenwoordig ten tye van inspuiting.
- Beheer blouboslui *Rhipicephalus (Boophilus) spp.*

Nota: Vir beheer van blouboslui moet behandeling elke 21 dae herhaal word.

BEESTE DOELTREFFENDHEID INWENDIGE PARASIE	Onvolwasse	Volwasse	Nawerking **
Haarwurm (<i>Haemonchus placei</i>)	*	*	14 dae
Beesbankrotwurm (<i>Cooperia spp.</i>)	*	*	14 dae
Bruinmaagwurm (<i>Ostertagia ostertagi</i>)	*	*	21 dae
Knoppieswurm (<i>Oesophagostomum radiatum</i>)	*	*	21 dae
Longwurm (<i>Dictyocaulus filarial</i>)	*	*	21 dae
Haakwurm (<i>Bunostomum phlebotomum</i>)	*	*	
Lewerslakwurm (<i>Fasciola hepatica</i>)		*	
Reuselewerslakwurm (<i>Fasciola gigantica</i>)		*	
Oogwurm (<i>Thelazia</i>)		*	
Valskneusing (<i>Parafilaria bovicola</i>)		**	

* Beheer = > 90% doeltreffend

** Hulp in die beheer = 60 – 89 % doeltreffend

† Makrosikliese laktoon

†† Sulfonamiede